

Publication: Beeld,Daily (Main)
Publication Date: 18 Jan 2018
Page: 3

AVE: 41885.71
Circulation: 41286
Part: 1 of 1

NGIDI BLOM OOR KRIEKETPRESTASIE

# 'Dit voel of ek in 'n droom is'

## Hy loof breier wat hom vir Tuks werf



Lungi Ngidi op die vyfde dag van die tweede toets teen Indië in Centurion. Foto: REUTERS

**Tinus van Staden**

"Lungi, vertrou my net."

Met dié woorde het Pierre de Bruyn 'n baie teësinnige 16-jarige Lungi Ngidi oorreed om ná sy skoolloopbaan by die Hilton College in KwaZulu-Natal na Pretoria te verhuis om by Tuks te studeer en vir hulle krieket te speel.

De Bruyn was destyds Tuks se breier en sy vertroue in Ngidi is waarskynlik die grootste rede waarom Suid-Afrikaners gister die voorreg gehad het om te sien hoe Ngidi die Proteas met sewe paaltjies in sy toetsbuiging tot 'n reeksege oor Indië gebou het. Ngidi het Indië met syfers van 6/39 in die besoekers se tweede beurt platgeslaan.

"Ek sal nooit vergeet toe ek die eerste keer vir Lungi by Hilton College gaan kuier het nie," vertel De Bruyn.

"Ons het in 'n klein kamertjie in die hoofgebou gesit. Ek het vir hom gesê ek sal vir hom 'n beurs gee, verblyf en baie goeie afrigting. Hy was baie huiwerig en onseker of hy KwaZulu-Natal wou verlaat.

"Maar ek het teruggegaan. Dié keer het ek reguit gepraat. Ek het vir hom gesê hy het die potensiaal om binnekort vir die Titans te speel en selfs vir Suid-Afrika. Ek het gesê hy moet my net vertrou," sê De Bruyn.

Ngidi het presies dít gedoen. Ná sy matriekjaar in 2014 is hy Tuks toe om arbeidsreg te studeer. Hy moes sy studie sedertdien vir eers los.

Hy het Tuks in 2015 gehelp om die Wêreldbeker-reeks vir Studente in Indië te wen.

"Mense wat Lungi nie ken nie, moet weet watter fantastiese mens hy is. Hy is plat op die aarde en ongelooflik eerlik. Jy kan hom met enigiets vertrou," sê De Bruyn.

Sean Carlisle, Ngidi se afrigter in Hilton se eerste span, beaam dit.

"Hy het uitgestaan vanweë die soort mens wat hy is. Hy het op skool al met beserings gesukkel, maar hy het altyd teruggeveg. Hy was baie nederig, hy was al die seuns se ouboet," sê Carlisle.

"Hy was ook 'n goeie rugbyspeler en 'n uitstekende swemmer. Jy het altyd die gevoel gekry dat hy dit sal maak."

Ngidi is gister as die speler van die wedstryd in die tweede toets aangewys en ná die tyd het hy oor De Bruyn se invloed op sy loopbaan gepraat.

"Ek dink nie dit sal genoeg wees om hom te bedank nie, ek sal nie eens weet waar om te begin nie. Hy het my gaan haal toe dit nie so goed gegaan het met my krieket nie en my geskuif na 'n plek waar ek nou as sportman kan gedy. Woorde is nie genoeg om hom te bedank nie," sê Ngidi.

"Dit het hom drie jaar geneem om my te oorreed om Tuks toe te gaan. Hy het die eerste keer in my gr. 10-jaar gekom, maar ek wou niks weet nie. Toe kom hy al hoe meer en vra spesifiek vir my. Ek wou sien of hy dit regtig bedoel. So ek het ook maar *hard to get* gespeel," skerts hy.

Dit blyk dat al die bestanddele daar is vir Ngidi om 'n groot krieketspeler vir Suid-Afrika te word. Hy het sy teenwoordigheid op die toetsverhoog met één aflewering aangekondig – 'n inswaaier wat die Indiese kaptein, Virat Kohli, been voor paaltjie betrap het.

"Die kaptein se paaltjie was baie spesiaal vir my. Ek het gevoel ek het hard gewerk, ek het 'n goeie wedstrydplan vir hom gehad en dit was baie bevredigend om hom uit te kry," sê hy.

Dit voel nog vir hom of hy in 'n droom lewe.

"Dit is moeilik om die gevoel te beskryf. Elke keer dat mense vir my hande klap, kry ek hoendervel. Dit is 'n eer om jou land te verteenwoordig.

"Hopelik is dit die begin van 'n lang toetsloopbaan. Ek wil ook eendag soos Kagiso (Rabada) die mylpaal van die nr. 1-plek op die toetsranglys bereik," sê Ngidi.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.